DNB

Dinamiese Netwerk Bemarking

# BASIESE INLIGTING

DNB
Dinamiese Netwerk Bemarking

# VISIE

Dinamiese Netwerk Bemarking is 'n geleentheid aan besighede met integriteit wat met verantwoordbaarheid verwysings aan mekaar gee ter groei en ontwikkeling van 'n gesonde ekonomiese vooruitgang vir elke lid.

# MISSIE

Om dié weeklikse bemarkingsgeleentheid te wees waarna elke lid van die span uitsien, omdat lede vriende word en weet dat daar daadwerklik as span saamgewerk word om jou besigheid vorentoe te neem.

# DOELSTELLINGS

Om 'n dinamiese netwerkspan te wees wat betrokke , bedrywig , vol beweging , krag en energie sal wees om sy spanlede ten volle te ondersteun om hul te help om hul besighede aktief te bemark.

Om ten alle tye , eties en korrek op te tree teenoor ons kliënte en ons spanlede.

Om te verseker dat ons ten alle tye die naam van DNB asook lede van die span sal beskerm deur verantwoordelikheid te aanvaar vir die wyse waarop ons as lede van DNB optree.

Om ten alle tye met integriteit besigheid te doen en vinnig en effektief op te tree teen moontlike ongeruimdhede en sodoende lede die naam van DNB te beskerm.

# DNB WEBTUISTE

**WWW.DNBNETWERK.CO.ZA**

DNB
Dinamiese Netwerk Bemarking

# AGENDA

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | 07h30 | 07h40 | Interaksie en koffie drink tyd |
| 2. | 07h40 | 07h42 | Opening en verwelkoming van lede |
| 3. | 07h42 | 07h50 | Lede stel gaste voor |
| 4. | 07h50 | 07h55 | DNB Bekendstelling + Missie & Visie |
| **5.** | **07h55** | **08h25** | **BlitsFlits en besigheidskaartjies** |
| **6.** | **08h25** | **08h35** | **Vergrootglas Bemarking** |
| 7. | 08h35 | 08h38 | Waarde wenke |
| **8.** | **08h38** | **08h43** | **Bou Blokke** |
| 9. | 08h43 | 08h48 | GEE tyd |
| 10. | 08h48 | 09h00 | Aankondigings |

Neem kennis dat die bogenoemde agenda soms aangepas kan word, na gelang van omstandighede.

Die program kan soms ook langer duur, afhangend van die hoeveelheid gaste en lede teenwoordig.  Maak dus voorsiening in u dagboek vir 'n 15-30 min ekstra, indien moontlik.

# OORSIG

Dinamiese Netwerk Bemarking, oftewel DNB is 'n besigheid wat amptelik op 22 Januarie 2015 bekendgestel met die doel dat plaaslike besighede inskakel by die reëls en regulasies van hierdie besigheid en dan die geleentheid kry om op 'n baie koste effektiewe wyse uiters goeie blootstelling vir hul besighede te kry deur met mekaar te gesels en te kyk hoe hul mekaar kan ondersteun om hul onderskeie besighede te bevorder, maar ook om met 'n "GEE-gesindheid" almal mekaar te bemark.

DNB is nie gestig met die oog om in kompetisie met enige ander netwerk te gaan nie, maar 'n lid kan nie toegelaat word in ons span as hy/sy reeds by ander verwysings netwerke lidmaatskap hou nie.

DNB is 'n trots Afrikaanse network geleentheid, geskoei op christelike en etiese beginsels en daarom word elke lid van die span verantwoordbaar gehou vir enige verwysings en besigheid wat uit die netwerk gegenereer word.

# REëLS EN REGULASIES VAN DNB

- Elke lid onderneem om met elke byeenkoms te probeer om sy besigheid te verteenwoordig, of 'n verteenwoordiger in sy plek daar te stel. Dit word aanbeveel dat die besigheidseienaar aanwesig moet wees ten einde goeie verhoudinge te handhaaf.

- Lede onderneem om weekliks te probeer om nuwe gaste saam te bring na die geleentheid toe. Gaste sal n koste bydra om die geleentheid by te woon en hierdie koste word as n fasiliteitsfooi gesien en waarde van die verversings alleen bepaal dit nie.

- Slegs een van 'n spesifieke soort besigheid kan by die span aansluit. Indien daar nog 'n persoon as gas genooi word wat wil aansluit, maar waar so 'n posisie reeds gevul is, kan 'n tweede span dan weer gevorm word.

- ‘n Lid kan slegs 1 kategorie in DNB verteenwoordig. Hy kan dus nie meer as een besigheid binne DNB bemark nie, tensy hy nog iemand as lid aansluit wat daardie kategorie se stoel kan volsit op ‘n weeklikse basis.

- Elke lid van die span onderneem om die res van sy spanlede te ondersteun deur middel van goeie kwaliteit verwysings asook deur hul besighede fisies en geldelik te ondersteun.

- ‘n Lid wat ‘n gas na die byeenkoms toe nooi, moet hom-/haarself vergewis van die kwaliteit en gehalte van die gas se diens/werk ten einde te verseker dat ons kwaliteit na die Netwerk toe bring, daarom sal elke gas wat besluit om deel van die span te word, eers deur ‘n keuringsproses gaan en bly aanvaarding van lidmaatskap die uitsluitlike diskresie van die bestuur en/of lede.

- Gaste sal nie tydens besoeke voor lidmaatskap enige van die verwysing ontvang nie. Hul kan wel verwysings gee, maar hul verwysings word gebêre tot lidmaatskap bevestig is. Gaste mag slegs 2 geleenthede bywoon, waarna hul dan as lid moet aansluit op ‘n maand-tot-maand basis tot Februarie van die volgende jaar, waarna alle lede weer vir lidmaatskap aansoek doen. Lede wat vir hertoelatin aansoek doen, sal geevalueer word op hul deelname, teenwoordigheid en betrokkenheid in die vorige jaar.

- Lidmaatskapgelde is maandeliks vooruit betaalbaar en lede sal teen elke maand die 24ste van die maand hul fakture vir die volgende maand ontvang wat dan nie later nie as die 2de van die maand betaal moet wees. Lede word aangemoedig om stoporders op hul internetbankdiens in te stel om te verseker dat hul nie agter raak nie. Indien ‘n lid agter raak, sal hy na die tweede maand nie toegelaat word om terug te keer voor die volle bedrag vereffen is nie.

- ‘n Afkoelperiode van 7 dae is van toepassing, indien ‘n nuwe lid besluit om weer te kanselleer. Lidmaatskapgelde is nie terugbetaalbaar na die 7 dae afkoelperiode nie.

- Vir ’n lid wat nie sy lidmaatskap hernu nie word ‘n 3 maande wagperiode geïmplementeer. Die kategorie kan egter in daardie 3 maande weer gevul word, wat sal beteken dat die lid moet wag tot dit weer beskikbaar is, of by ‘n ander span sal moet inskakel.

- Enige spanlid wat tot nadeel van die span en sy beeld optree; of weens wanpraktyke; of wat 'n negatiewe invloed op die funksionering van die span het, se lidmaatskap kan onmiddelik beeindig word, sonder terugbetaling van enige fondse wat reeds betaal is.

- Elke spanlid sal twee of meer keer per jaar 'n geleentheid kry om 'n Vergrootglas Bemarking Slot te gebruik, waar hy/sy in baie meer detail hul besigheid voor die res van die spanlede en gaste kan bemark. Hiervoor word 10 min beskikbaar gestel in die agenda.

- Elke spanlid kry weekliks 'n 1 minuut geleentheid om n blitsflits te bied waarin sy besigheid bekend gestel word aan die gaste wat teenwoordig is. Positiewe ervarings word gedeel en erkenning word aan ander spanlede gegee vir besigheid wat deur hul verwysings gegenereer en suksesvol afgesluit is.

- Elke spanlid word aangemoedig om 'n agter-die-skerms-besoek te reël met elke lid van die span om sodoende beter insig van mekaar en hul besighede te leer. Wanneer n nuwe lid dus aansluit, beplan huidige lede om so spoedig moontlik hierdie besoek aan die nuwe lid se besigheid af te lê. Jou spanlede word jou bemarkers.

- Lede word vriende en gereelde koffietye saam word aangemoedig vir die bou van goeie verhoudings in besigheidsaangeleenthede.

- Om aansoek te doen, moet die voornemende lid 'n aansoekvorm invul asook die etiese kode onderteken waarin die lid onderneem om by die reëls en regulasies van die DNB besigheid te hou ten einde te verseker dat Dinamiese Netwerk Bemarking optimaal kan funksioneer tot voordeel van alle lede.  Die voornemende lid sal dan voorgelê vir goedkeuring/besware en daarna sal die voornemende lid ingelig word of hul suksesvol was met hul aansoek, aldan nie.